

28 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 113 en 114

Fokusgedeelte: Psalm 113:5-7

Wees klein en nederig voor die grote God

Ons lees en hoor daagliks van magtige wêreldleiers en hulle invloed op wêreldsake. Te midde daarvan vestig Psalm 113 ons aandag op die Here ons God: God wat Koning is; God die groot Heerser; God wat al die nasies gemaak het en wat oor alle wêreldleiers en volke regeer. Ons God is onvergelyklik groot en verhewe – Hy wat regeer oor die aarde en die hemel.

Al is die Here so groot en verhewe onttrek Hy Hom nie aan die aarde en sy mense nie; intendeel Hy wys sy grootheid daarin dat Hy alle dinge op aarde sien. Hy ken ook elkeen van ons se harte en gedagtes.

Die Here weet of ons harte vandag vol hoogmoed is. Hy weet of ons baie van onself dink en in hoogmoed onself bo ander verhef. Hy weet of ons in hoogmoed dink dat ons Hom nie werklik nodig het nie en op ons eie bene kan staan.

Hy weet ook of ons klein en nederig voor Hom is. Ware selfkennis sal ons inderdaad vandag weer ons geringheid laat besef. Deur die krag van die Heilige Gees word ons bewus van ons swakhede, ons sondes, ons beperkte insig en kennis en dat ons van nature verlore is en niks in onself het om op te roem nie.

Vol diepe nederigheid kan ons vandag weer ons toevlug na Jesus Christus neem. Hy het in diepe nederigheid tussen sondaars kom woon en Homself tot aan die kruis verneder. Wie Hom vind, word opgerig uit die stof. Wie Hom vind ontvang `n heerlike nuwe identiteit – om kind van jou hemelse Vader te wees. Dit is alles genade. Leef opnuut vandag vol nederigheid voor jou hemelse Vader en onthou die woorde van Jesus: “Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel” (Matt 5:3.),

Sing: Psalm 138:3

Ds L du P van der Vyver (Silverton)